Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

7 Augustus 2026 Uitgawe: 3/3/2026

## UIT DIE KANTOOR

**Vrouedag:**

Hierdie Sondag, 9 Augustus, vier Suid-Afrika **Nasionale Vrouedag** – 'n besondere geleentheid om hulde te bring aan die vroue wat elke dag 'n verskil maak.

Aan al die **mammas, oumas, dogters en vroue van ons Tjokkie-familie** wil ons graag sê: **Dankie!** Dankie vir julle liefde, omgee, ondersteuning en die ontelbare kere wat julle op die agtergrond en voor die skerms daar is. Julle is dikwels die sagte hand, die luisterende oor, die aanmoediging wanneer dinge moeilik raak en die stem wat sê: *"Jy kan dit doen!"*

Aan ons dogters – mag julle altyd weet dat julle waardevol, sterk en kosbaar is. Mag julle met selfvertroue jul plek inneem, julle talente ontwikkel en nooit ophou glo dat julle 'n besondere verskil in die wêreld kan maak nie. Mag julle hierdie Vrouedag weet hoe belangrik julle is – nie net vandag nie, maar elke dag.

**Vir die manne:**

Die naweek is propvol rugby, by die skool en op die kassie met die "All Blacks" wat vanaand kragte meet teen die Stormers.

Vandag en môre vind Tjokkies se 7's rugbytoernooi plaas. Wedstryde begin reeds om 11:30 met heelwat spelers wat hul talent kom ten toon stel. Kom ondersteun gerus die skool.

Môreaand is die Bokke vs Argentinië aan die beurt. So, manne geniet die rugby en moenie vergeet om die vrouens in jou lewe te waardeer nie (iemand moet die braaibroodjies maak).

**Speiligte**

Soos ouers seker opgemerk het, is die skool tans besig om spreiligte op die A-rugbyveld op te rig. Dit sal daarna uitgebrei word na die netbalbane.

Ons glo dat hierdie nuwe toevoeging by die skool baie waardevol sal wees vir die toekoms. Koste aan die oprigting van spreiligte is egter hoog en ek nooi alle belangstellende besighede uit wat sal belangstel om advertensiespasie op hierdie maste te huur, om met die skool se bemarker Me. Estee Fouché kontak maak. U kan haar kontak by: 084 368 6190.

## ANDER

**Kermis**


Op die kalender is die skool se kermis geskeduleer vir Dinsdag, 1 September. As gevolg van verskeie botsings, sal die kermis nou verskuif na Vrydag, 9 Oktober.

Ek hou nie daarvan om datums wat reeds vas is op die kalender onnodig te skuif nie, maar ek was genoodsaak om dit in hierdie geval te doen. Jammer vir enige ongerief wat hierdie skuif teweeg mag bring.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 7/8 Aug.: | Tjokkies 7's Rugbytoernooi |
| 9 Aug.: | Nasionale Vrouedag |
| 10 Aug.: | Vakansiedag |
| 11 Aug.: | Vrystaat Kunswedstryd – Kooroptredes |
| | H/S Sand du Plessis Ritmefees (Revue-optrede) |
| 12 Aug.: | Sanlam Wow-Spelfees |
| 13 Aug.: | Hokkieliga vs PBS (d-weg) & FP (s-tuis) |

## VERJAARSDAE



| | |
|---|---|
| 11 Aug.: | Mnr. JP Nel (Assistent) |
| | Juf. Miah Haasbroek (KS Assistent) |
| 12 Aug.: | Juf. Geraldine Finlay (Gr. 4) |

## SNUFFELS



BENODIG
LUUKSE
MOTOR
vir Matriekafskeid
DATUM:
2 OKTOBER
Help om 'n matrikulant se aand onvergeetlik te maak.
ELEGANSIE
STYL
KLAS
LUUKSE
Maak dit 'n herinnering wat haar altyd sal laat glimlag
Kontak asseblief:
082 522 2356
VIR NAVRAE EN BESKIKBAARHEID